Sing vooraf: Psalm 3:2 (p. 11)

2 Van God se trou bewus, / was slaap my veil'ge rus / tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees, / hoe sterk hul ook mag wees / wat my rondom genaak het.
Staan op, verlos my, HEER! / Verbreek hul tande weer!
U tem die oorlogsvolke! / Aan U die heil alleen!
Stort op u erf 'n seen / soos druppels uit die wolke.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 116:1, 4, 7

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

7 Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Na die wet antwoord ons met Psalm 34:8 (p. 169).

Wet

Psalm 34:8 (p.169)

8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Gebed

Psalm 9:9, 10 (p. 38)

9 Bewys aan my genade, HEER, / en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het, / kyk, hoe my haters my verdruk het!

10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Skriflesing: Titus 2:11 – 3:15

Teks: Titus 3: 4, 5

Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het – nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees (Titus 3:4-5 AFR1953)

Ons leef in sulke genadelose tye.

- Elke nuusberig vertel van aanvalle iewers en van mense wat dood is.
- Ons hoor van regeerders wat mag misbruik en mense wat oraloor vermoor word.

- Ons self leef agter tralies en weet nie wanneer is ons aan die beurt om gekaap te word of beroof te word nie.

Sulke tye en dinge maak dit noodsaaklik dat ons die genade wat die Here vir ons het, wil hoor. Om die genade van God te verduidelik gebruik Paulus hier die beeld van die sonsopkoms.

- Die beeld beskryf die wederkoms van die Here Jesus Christus.
- Maar dan noem hy sommer in die beeld ook al die voordele wat ons daaruit gekry het.
    - Die genade van God het met die koms van Jesus Christus soos die son oor ons opgegaan (vgl. Lukas 1:78).
    - Dit het ons uit die sonde en finaal uit die vlamme van die hel verlos.
    - Hierdie genade raak almal wat uitverkies is – ou mense, jongmense, mans en vrouens.
    - Die Here sluit ons deur sy ewige en heilige uitverkiesing in sy genade in.

Wat maak die genade van God wat soos die son opgekom het met ons?

- Dit voed ons op om salig te wees.
- Die eerste stuk opvoeding is dat ons in onsself en in ons onderlinge geloofsomgang met mekaar moet verander.

Anders gesê:

- Dit dring altyddeur by ons aan dat ons heilig moet wees.
- Ons moet lewe soos mense oor wie die strale van Jesus se “sonsopkoms” val – mense wat nie meer in die donker van die hel gepootjie lê nie.

Dit is natuurlik nie ’n maklike pad nie, want om heilig te lewe beteken dat jy jouself baie dinge moet ontsê.

- Effektief kom dit neer op selfkastyding, want jy moet elke keer jou eie belange en vreugdes terugskuif as dit bots met die wil van die Here.
- In die ou vertaling is dit vertaal met die woord *ingetoë*.

Daarby eis die genade van God dat ons regverdig met ander mense moet saamlewe.

- Dit is glad nie maklik nie – ons is in onsself onredelik en ander mense is ook onredelik.
- Daarom bly ons soms maar net stil ter wille van vrede of ons lieg oor iets net om nie weer ’n bakleiery aan die gang te sit nie.
- Dan praat ons nie eers van dinge soos fisiese bedrog en al die geestelike skade wat ons aan mense doen wanneer ons hulle loop en swartsmeer nie.

Die derde ding wat die genade van God aan ons doen, is dat ons vroom moet lewe.

- Dit eis van ons groei in ons heiligwording.
- Ons moet altyd werksaam wees in ons geloof.
- Dit moet ook altyd soos ’n getuienis van ons af uitgaan.
- Hierdie getuienis moet uitgaan in ons kerklike lewe, maar ook in ons sosiale lewe.

Dit is waarom die Bybel in hierdie gedeelte leer dat ons die wêreldse begeerlikhede moet verloën.

- Dit beteken dat ons dit totaal en heeltemal moet afsweer sodat dit nêrens in ons sisteem bestaan nie.
- Die aandrang op ons word nog groter omdat die apostel beklemtoon dat die Here Jesus weer kom.
- As Hy weer kom, staan die gemeente in hulle volle heerlikheid voor Hom.

Om te beklemtoon hoe magtig Jesus is, en dat die gemeente moet besef met wie hulle te doen het, word ’n Godsnaam gebruik wat net hier in die Bybel voorkom – ons groot God en Saligmaker.

- Dit beskryf Jesus Christus in sy onoortreflike mag en majesteit.
- Hy is ons God en Hy is die God en Verlosser van die gemeente.

Ons is ook nie sommer maar net mense wat langs die pad opgetel is nie.

- Ons is die Here se eiendom wat deur Hom rein gemaak is.
- Ons is bekwaam gemaak en vernuut om gehoorsaam te kan wees en om heilig te kan lewe.

Daar moet egter ’n tweede ding ook gebeur. Hierdie verandering moet ook na buite toe wees – na die ander mense wat nie noodwendig gelowiges is nie.

- Die Here lei ons in hierdie gedeelte om te besef dat ons nie hierdie roeping net na binne toe het, naamlik dat ons self en in ons kerk heilig moet lewe nie.
- Dit gaan hier ook spesifiek oor die manier waarop gelowiges hulle teenoor mense buite die geloof gedra.
    - Die gemeente het ’n algemene plig om oor die volle spektrum van die lewe ’n getuienis te laat uitgaan.
    - Uit hierdie getuienis moet dit duidelik wees dat hulle gehoorsaamheid aan die Here vir hulle die heel hoogste prioriteit is.

Daar is verskeie maniere waarop dit moet gebeur.

- Die Bybel toon hier aan dat een so ’n faset van ons geloofsuitlewing is dat die Christen teenoor die regering van die dag beheersdheid aan die dag moet lê.
- Daarom word hier ’n praktiese toepassing van die vyfde gebod gegee.
    - Gehoorsaamheid aan die gebooie van God is ’n fundamentele eis van sy Woord.
    - Die Here vestig sy eise en sy gesag op verskillende maniere – een van hulle is die owerhede wat oor volke en lande regeer.

Die beginsel is dus dat owerhede nie net feitlik daar is nie; hulle is ook wetlik deur die Here met magsbevoegdheid beklee. En daaraan moet Christene onderdanig wees (Romeine 13:1vv).

Onderdanigheid aan die owerheid beteken beslis nie grensloosheid of gehoorsaamheid tot in so ’n mate dat die Here se eer daardeur skade ly nie.

- Die regering van die dag kan ons byvoorbeeld nie voorskryf wie ons moet aanbid of op watter manier ons aanbidding moet wees nie.
- Daarom het die Heilige Gees hier ’n duidelike kwalifikasie ingebou in die woorde wat hier geskryf staan: **. . . bereid tot elke goeie werk;** (Titus 3:1).
- Ons verpligting is dus in die eerste plek gerig op verering van God se Driemaal-heilige Naam.

Natuurlik gebeur dit dat gelowiges dikwels skerp moet staan op hulle beginsels. Dit skep by die ongelowiges die indruk dat gelowiges bakleiers is. Ons almal weet dat dit baie keer aanleiding gee tot agterafpratery – of soos wat die Bybel dit noem, belastering (Prediker 7:1).

Laster is baie uitlokkend.

- Dit neig om die slegste uit ’n mens uit te haal, want as iemand jou beskinder, dan wil jy net veg: jy wil dagvaar of jy dreig met teenmaatreëls.
- Daarom waarsku die Here ons hier dat ons nie moet deelneem aan laster nie.

Ons moet ook nie strydlustig of bakleierig wees nie.

- Want hierdie dinge kan alles aanleiding daartoe gee dat ’n gelowige begin struikel en val – dan is daar nie ’n verskil tussen hom en die heidene nie.
- Ons moet anders wees.
    - Die Here wil hê dat ons die koningsbeeld van God in ons moet uitleef in die styl waarop ons dinge doen.
    - Dit is, onder andere, om nie soos die heidene te maak en te breek nie.

Loop wakker teen enige vorm van dwaalleer.

- Die eintlike dwaalleraars wat ’n kerk bedreig is nie die manne wat van buite af kom nie.
    - Dit is die wat lidmate van die kerk is, wat met allerhande onsinnighede uit die Bybel begin en die kerk op ’n afdraande pad stuur.
- Die Bybel noem hulle hier op.
    - Die een soort is dié wat Bybeltekste loop en verdraai om hul wêreldse sieninge te pas.
    - Die ander een is die een wat skeuring loop en maak. Hy het altyd iets om oor te twis of te baklei en veroorsaak daarmee ’n rigtinglose geploeter wat die ander gelowiges moedeloos en moeg maak.

Die Bybel sê hier dat so iemand weet dat hy op die verkeerde pad is en sonde doen en voor God veroordeeld staan (3:11).

So maak ons nie as ons werklik wedergebore is nie.

- Ons het die nuwe beeld van Jesus Christus in ons.
- Dit is die beeld van iemand wat die werke van die duiwel verslaan het, en wat met sy hele hart bereid is om God te dien.

Die son van God se genade het nie net oor die gelowiges van Paulus se tyd opgegaan nie – dit skyn net so sterk oor ons ook.

Geen mens sal ver vorder as hy nie besef hoe sy werklike toestand voor die Here lyk nie.

- Ons is sondaars wat in die donkerte van die sonde en die ewige dood verval het.
- Dit is waar die Here Jesus ons met sy genade gaan haal het – ons is nie meer daar nie.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis